

Die Afrikaanse Skrywersunie nuwe begin vir boeke-solidariteit?

DR FRANCOIS VERSTER

Korrespondent

Op 7 Maart 2012 is die stigtingsvergadering van 'n nuwe skrywersgroep, die Afrikaanse Skrywersunie (ASU) op Stellenbosch gehou.

Die tyd vir die vergadering was sewe-uur. Ek, haastige hond, was vyfuur reeds daar. Laasjaar kon ek nie by 'n lokaal inkom waar Dan Sleigh aan die woord was nie – dosyne angstige tannies het die plek vol gesit, en hier is ek op pad na dieselfde lokaal. Maar eers moes ek gaan afkoel op die Dros se stoep. Liggaamlik en geestelik afkoel – dis wat spitsverkeer, tot barstens geswel deur Woordfees-dralers, aan jou doen. Toe draal ek na Erfurthuis, onseker oor wat om te verwag.

Verrigtinge is geopen deur Kerneels Breytenbach, oud-joernalis, oud-boekuitgewer en deesdae voltydse skrywer. Benewens talle bekende gesigte wat mens daar sou verwag, soos Joan Hambidge, Fanie Olivier, Elias Nel en Willem Fransman, was daar ook mense teenwoordig wat op allerhande maniere

verbonde is aan taal en boeke, maar in Afrikaans, soos die Unie se naam aandui. Dís die Unie se fokus; om die belange van Afrikaans, vir alle Afrikaanssprekendes, te bevorder. Daarom word skrywers, lesers, resensente, akademici en uitgewers by die strewende betrek, aldus die Unie se eerste amptelike dokument, die konsepgrondwet.

Lidmaatskap word aangebied aan almal wat 'doenig is met skryf, vertaal, resenseer, analiseer, uitgee en verkoop van Afrikaanse boeke' en geaffilieerde lidmaatskap aan lees- en boekringe word in die vooruitsig gestel. Daar sal ledegeld gehef word en stemreg by algemene jaarvergaderings is onderhewig aan die betaling van dié ledegeld.

Ek blaai deur die vier-bladsy-dokument. Die loodskomitee was bedrywig. Ywerig. Ernstig... Jaarvergaderings sal formeel volgens die aanwesigheid van 'n kworum (30% van die totale ledetal) gehou word, vooraf-gesirkuleerde agendas en notules is 'n vereiste. By die stigtingsvergadering is nominasies vir bestuurslede ontvang en is onderneem om die grootste verskeidenheid van ras, geslag, bedrywe en profesies te reflekteer in beide die ledekorps as die bestuur. Spesiale vergaderings sal ook op versoek van lede gehou kan word, wanneer omstandighede dit vereis.

Aangesien befondsing altyd 'n albatros om enige vereniging se nek is, sal ledegelde met borge en dies meer gestu word. Reëlins aangaande die finansies van die Unie is uiteengesit en sal in werking tree sodra die bestuur hulle verpligtinge opneem. Blykbaar sal stemming via e-pos gebeur. Almal skryf hul name en e-posadresse op 'n lys. Terwyl die lys na agter aangegee word, kyk ek na 'n banier wat op die verhoog staan. Al wat daarop aangebring is, is name. Ek sien bekende name – Dana Snyman, George Claassen, en Breyten Breytenbach s'n ook daar, asook onbekendes. 'n Dame sê kliphard: 'Ook elkeen wat pen op papier neersit is deesdae 'n skrywer.' Ek knik; dis ook dalk goed – hoe groter die landery, hoe beter die oes.

Hoewel dit duidelik was dat die aanwesiges ernstig is oor die ondernemings van die Unie, was die atmosfeer ontspanne en is veral Prof Hambidge se kenmerkende lag gereeld gehoor.



▲ Erfurthuis, waar die stigtingsvergadering plaasgevind het

Naomi Bruwer van Litnet het ywerig foto's geneem om die geleentheid te help dokumenteer vir die nageslag, en die groep, waaronder talle senior skrywers en digters, het spoedig lekker gekuier in die portaal en voortuin van Erfurthuis.

Maar nie alvorens die digter Fanie Viljoen die verhoog betree

. . . gelukkig glo ek nie aan muses nie – ek vermoed dis eerder die gees in die fles wat kan help met skryf; nie genies soos Aladdin s'n nie, maar wel druiweduiwels en ander gedaantes uit die plaaslike kelders

en vertel het van 'n ander vereniging wat op Saterdag 10 Maart, net oorkant die straat by Die Ou Hoofgebou van Universiteit Stellenbosch, gestig sou word nie. Hierdie vereniging, wat Suid-Afrika se PEN (Poets, Essayists and Novelists) sal wees – dus geaffilieer aan die internasionale PEN, (die hoofkantoor is in Londen) - sal egter nie botsende belange hê met die ASU nie; intendeel, Viljoen het die aanwesiges aangemoedig om ook by PEN aan te sluit.

PEN Internasionaal het

riglyne vir, onder andere, lidmaatskap wat meer spesifiek op skrywers van toepassing is; soos dat lede minstens een 'selfstandige publikasie' agter sy/haar naam moet hê: daar moet dus 'n boek met jou naam op gepubliseer wees as jy wil aansluit.

Pogings om 'n Afrikaanse PEN te stig het in 2004 al begin, met skrywers John Miles, Pieter Haasbroek en die einste Fanie Olivier aan die spits. Die Afrikaanse deel van die aanvanklike naam is laat vaar nadat skrywer Nadine Gordimer daarteen beswaar gemaak het en later is tydelik van Pretoria-PEN gepraat. Ongelukkig het dié vereniging, ten spyte van 39 name op hulle ledelys, nooit van die grond gekom nie. Tweespalt het later ook gevolg – teen 2010 het een groep, onder skrywer-akademikus Dan Roodt, hulle eie agenda begin bedryf, sodat Viljoen se groep nou voel hulle moet die Internasionale PEN oortuig dat hulle die belange van die meeste skrywers verteenwoordig – slegs een PEN per land word erken deur die globale groep.

Dit skyn dus of PEN in Suid-Afrika eerder 'n pendoring kan wees indien nie daadwerklik opgetree word nie. Gedagtig aan vorige lank reeds gestorwe skrywersverenigings soos die ou Afrikaanse Skrywersgilde van die 70's, lyk dit asof kreatiewe mense bra sukkel om hulle individualisme te temper ter wille van samehorigheid. En die intensies is altyd só eerbaar: nes ASU, bevorder PEN Internasionaal ook vryheid (insluitende mediavryheid) en gelykheid (genderkwessies is hoog op hulle agenda) en duidelik oorvleuel die strewes van ASU en PEN, hier én elders. Kunstenaars is dikwels idealiste, kyk maar na Jan Rabie en André

Brink. Vandag is Brink ontnugter deur die ontwikkeling van ons politieke en maatskaplike milieu. Ek wonder wat Rabie sou sê.

Nietemin. Kuier kan kunstenaars wel – onder heelwat gelag en geskerts is die vergadering toe verdaag en met glase wyn in die hande het van die groot sterre in die literêre uitspanel onder 'n volmaan rondom die fontein in die tuin begin rondbeveeg. Ek dink skielik aan Peter Sellers se **The party**, maar selfs die massiewe fonteinbak lyk darem te klein om sommige van ons letterkundige swaargewigte te akkommodeer . . . daar mag later stories rondgaan oor waternimfe en gevalle muses, maar gelukkig glo ek nie aan muses nie – ek vermoed dis eerder die gees in die fles wat kan help met skryf; nie genies soos Aladdin s'n nie, maar wel druiweduiwels en ander gedaantes uit die plaaslike kelders.

Ek het my respekte betoon en my koebaais gesê en pad gevat huistoe, met die vertroue dat die Afrikaanse Skrywersunie die boekebedryf in ons land eer sal aandoen en dat ook ander verenigings eerder sal saamstaan en by mekaar aansluit tot die voordeel van elke skrywer en leser en almal tussenin. Iewers in politieke vestings broei die ideoloë oor politieke oplossings. Op Stellenbosch vier mense die lewe. En gee nooit moed op nie.

Miskien is dit hoe kwantumspronge plaasvind: anomalieë en mutasies vind gunstige habitats, en nuwe spesies ontstaan. Oftewel: kunstenaars knoei met hulle maters (muses?), idees word gekweek en via skryfsels die wêreld ingestuur. Toe skrywers die Internet ontdek het was daar geen keer nie. Ek is nie bekommerd of boeke gaan oorleef nie. Want skrywers sal. En as hulle eers begin netwerk, bly dit nie net by werk nie.

Soos Ton Vosloo al gesê het (ek haal losweg aan, uit herinnering): skrywers bekook en versprei die gevaarlikste idees, meesal deur fiksie. Deesdae lyk dit my is historiese romans die gekose draer van idees oor ons land. Romans en memoires, soos Grenslit tans bewys.

Toe ek voor my motorhek stilhou en staar na die blink tralies wat stadig eenkant toe skuif, toe weet ek: kennis is soos lig en skrywers soos lanterns, of flitsligte, of flikkerende rekenaar-skerm. Flik, flik, flik sein hulle vernuwung die wêreld in . . . en daar is solidariteit in elke flik-flikker.

Dis wat ek my verbeel ek sien terwyl ek met moeë oë hierdie artikel tik. Dis egter die minste wat ek kan doen.

Suid-Afrikaanse Skrywersunie-doelstellings

- ▶ Om meer bedingingsmag vir Afrikaanse skrywers te bekom, ook deur middel van internasionale skakeling
- ▶ Om sensuur en enige vorm van totalitarisme te beveg en onafhanklik van politieke partye en monopolistiese organisasies te staan
- ▶ Om solidariteit te bied met verdruktes en die wyer gemeenskap betrokke te kry
- ▶ Om rasseprobleme te oorkom deur nie-rassigheid in die praktyk uit te leef.